

PMSA

Roofdiere al hoe beter op dié plase bestuur

TALLE probleme staan veeboere in die gesig ten opsigte van roofdiere. Met behulp van die organisasie Roofdierbestuur SA (PMSA) se 27 moniteringsplase is 'n standaard daargestel om produsente by te staan en op te lei om die impak van roofdiere te verminder, en dit steeds finansiële lewensvatbaar is om te boer.

Luidens 'n verslag van die PMSA vir die tydperk 2008 tot 2020, is die vermindering van skade vanweë roofdiere is 'n merkwaardige prestasie. In 2008 was die gemiddelde veeverliese op die 27 moniteringsplase 13,2%. Met behulp van goeie bestuurspraktyke is dié syfer verlaag en in 2020 was dit slegs 2,7%. "Hoewel dit nog steeds nie die ideaal is nie, is dit beslis meer aanvaarbaar en bekostigbaar vir enige veeboer," lui die verslag.

In 2008 was daar 2 320 veeverliese op die moniteringsplase vanweë roofdiere. Dit was 'n aansienlike verlies vir boere en die vleis- en wolbedryf.

Verliese is oor 13 jaar geleidelik verminder tot 1 133 diere teen 2020, 'n merkwaardige verbetering van 65,9%.

Toe die projek in 2008 begin is, is 261 skadeveroorsoekende diere op die moniteringsplase uitgewis. In 2020 was dié syfer 578. Daar is dus 217 meer roofdiere in 2020 verwyder vergeleke met 2008 – 'n styging van 121,5%.

Die projek behels nie net die bestuur van roofdiere nie, maar ook die verwydering van ongewenste roofdiere waar nodig. Dit sal gewoonlik roofdiere wees wat op 'n volgehoue grondslag verliese veroorsaak. Voorbeelde is die rooijakkals en die rooiakat, wat gou geleer het dat vee wat snags in klein kampies aangehou word, 'n maklike prooi is.

Nóg 'n voorbeeld is waar die rooijakkals gewoon raak aan die teenwoordigheid van Anatoliese waghonde en hulle eenvoudig met getalle oorweldig en ore aansit tydens die dag en só aansienlike verliese onder vee veroorsaak.

Die projek se doel gaan nie daaroor om alle roofdiere van kant te maak nie, maar eerder om dit te bestuur. Dit behels dat alle beskikbare metodes, dodelik en nie-dodelik, toegepas word. Die doelwit is om boere by te staan om verliese vanweë roofdiere tot die minimum te beperk en speenkalfpersentasie te verbeter. Dit lei tot finansiële voordele wat tot 'n finansiële lewensvatbare boerdery bydra.

Die prestasie in die bestuur van vee en roofdiere is behaal deur middel van die drie fundamentele pilare wat regstreeks verantwoordelik is vir die suksesverhaal, naamlik eksperimentering, opleiding en navorsing.

EKSPERIMENTERING

Die voordeel wat boere het om uit die wye verskeidenheid van verskillende bestuurstrategieë te kies, kan nie genoeg beklemtoon word nie. 'n "Gereedskapkis" gee aan veeboere die geleentheid om te toets, te eksperimenteer, te roteer en die verskillende metodes saam toe te pas en te evalueer om uit te vind wat die beste by die betrokke omgewingstoestand en bestuurspraktyke pas.

Die gereedskapkis bestaan uit halsbande wat as afskrikmiddel dien, toerusting wat as afskrikmiddel dien, heinings, menslike herders, om diere in 'n kraal te hou, asook verskeie dodelike metodes.

Die moniteringsplase het oor die tydperk van 13 jaar met verskeie bestuursmaatreëls geëksperimenteer. Dit was noodsaaklik om die manier of kombinasie van maniere en strategieë te vind wat die beste uitkoms lewer.

Die sukses en uitkoms van enige bestuursmaatreëls berus uitsluitlik op die bestuursvermoë van die boer. Nie net is dit belangrik om werkbare bestuursmaatreëls te kry wat by die boer pas nie, dit is ook belangrik om te besef dat vandag se sukses mōre se mislukking kan wees.

Roofdiere se oorlewing berus op hul vermoë om aan te pas. Daarom moet boere hul bestuurstrategieë net so vinnig (of selfs vinniger) aanpas om sukses met roofdiere te behaal. Voorkomende bestuur van roofdiere saam met 'n afwisseling van verskillende bestuursmaatreëls wat goed binne een lamtyd bestuur word, is uiters belangrik om 'n goeie speenpersentasie te behaal.

OPLEIDING

Die Nasionale Wolkwekersvereniging is die enigste organisasie in Suid-Afrika wat onverpoos roofdierbestuur onder die vaandel van



Sonder groter begrip tussen alle belangegroepes sal die doeltreffende bestuur van jakkalse moeilik bly. FOTO:LBW-ARGIEF

die PMSA aan boere en plaaswerkers bied. Kenners van roofdiere help ook met die taak.

Die belangrikheid van opgeleide en vaardige boere en plaaswerkers is uiters belangrik om die probleem op te los en vee te beskerm, maar ook om die omgewing te beskerm en te bewaar, goeie en gesonde biodiversiteit te verseker en om werkgeleenthede en voedselkerheid te skep.

PLATFORM VIR NAVORSING

Die deurlopende aanpasbaarheid van roofdiere, veral die rooijakkals, vereis dat boere ingelig en op die voorvoet sal bly, asook daartoe in staat moet wees om hul boerderybedrywighede aan te pas.

Voortgesette navorsing sal die tegnologie voorsien sodat boere daartoe in staat sal wees om hul benaderings tot roofdiere daarby aan te pas en hul bestuursprogram te gebruik tot ondersteuning van 'n volhoubare en lewensvatbare onderneming.

Die konsekwente aard en beskikbaarheid van die moniteringsplase maak dit 'n ideale platform vir navorsing, waar boere eerstehandse inligting en advies van vaardige kundiges kan bekom oor nuwe tegnologie en bestuursvaardighede wat verband hou met roofdiere, hul aanpasbare optrede en hoe om veebestuursvaardighede te inkorporeer vir 'n volhoubare omgewing.

Moniteringsplase verskaf ook navorsingsgeleenthede en inligting aan tersiêre instellings van oor die hele Suid-Afrika. Hul deelname, bydrae en hulp word verwelkom met raad en leiding van goed opgeleide, professionele kenners.

Die sukses van die benadering moniteringsplase is Trots Suid-Afrikaans en dit lok nou ook internasionale belangstelling. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY

TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@fantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za